**24 Desember**
**Skrifgedeelte: Markus 1: 9-13 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Markus 1:12-13**

**Nie alleen in jou versoekings nie!**

Die eerste gebeurtenis waaroor Markus berig, is dat die Here Jesus deur Johannes in die Jordaan gedoop is. Die vraag wat dadelik by ons opkom is: Waarom moes die Here Jesus gedoop word? Omdat Hy sonde gehad het? Omdat Hy die doop van bekering tot vergiffenis van sonde (vers 4) nodig gehad het? Nee, die Here Jesus het nooit enige sonde geken nie – altans, nie van sy eie nie, want Hy self is ook God. Die enigste sonde wat Hy geken het, is ons sondes wat Hy op Hom geneem het (Jes 53:6).
Juis daarom laat Hy Hom deur Johannes in die Jordaan doop. Vir Hom is dit beslis ‘n vernedering, maar daarmee wys Hy aan ons hoe Hy één met ons geword het, dat Hy werklik ons sondes op Hom kan en wil neem. Daarvoor word Hy toegerus met die Heilige Gees wat sigbaar in die vorm van ‘n duif op Hom neerdaal.
Wat gebeur daarna? Onmiddellik daarna word Jesus deur die Heilige Gees in die woestyn in weggevat om deur die Satan versoek te word. Watter woestyn dit was, word nie gesê nie, maar die woestyn is die simbool van verlatenheid en eensaamheid. So word die Here Jesus deur die Heilige Gees na ‘n verlate en onherbergsame streek geneem om daar alleen die aanslag van die Satan te trotseer. Veertig dae lank sal Hy regmaak wat die eerste Adam verbrou het. Wat ‘n wonderlike troos is dit nie vir ons nie! Die Satan moes uiteindelik sonder enige welslae die aftog blaas.
Pas op, moenie te gerus wees nie! Hierdie brullende leeu is dodelik gewond en daarom op sy gevaarlikste. Wees egter verseker, in jou stryd teen die Satan staan jy nooit alleen nie. Die Here Jesus was alleen daar in die woestyn om versoek te word, sodat jy nooit alleen in jou versoekings sal staan nie.
*Sing: Psalm 147:2 Ds HJ Venter (Pongola)*